BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim en opehartchirurgie

Gona Reddy

Tiarra het op 13 Desember 3 geword. Hierdie verjaardag was ’n groter viering as die vorige twee. Sy het ’n groot hartoperasie ondergaan as baba. Tot 5 maande gelede het hierdie pragtige dogtertjie net geloop as sy nie anders kon nie. Sy het aan die muur vasgeklou en met ’n paniekbevange uitdrukking op haar gesiggie treetjie vir treetjie sywaarts geskuifel.

Tiarra het nie vlot gepraat nie. Sy was baie traag om woorde te herhaal of selfs voorwerpe te benoem. Sy het dit wel geniet as ’n mens sing en het af en toe ’n woord of twee saamgesing. Ek het in Oktober 2007 begin om BabaGim-massering met Tiarra te doen (wanneer sy beskikbaar was by haar versorger se huis). Ek het altyd die boodskap op haar arms en bene herhaal, en koördinasie-oefeninge met haar ledemate gedoen op maat van rympies en liedjies. Haar versorger stimuleer haar heeldag deur met haar te praat en vir haar te sing. Sy moedig haar ook aan om te loop. Aangesien Tiarra beswaarlik eet, het ek ook die BabaGim-oefeninge herhaal om suig en spraak te stimuleer.

Ons het die wonderlikste Kersgeskenk gekry toe Tiarra ’n week voor Kersfees begin loop het. Sy het dikwels haar arms op skouerhoogte gehou, met haar vingers opgekrul vir balans en veiligheid. Van twee weke gelede af beantwoord Tiarra nou ook vrae en identifiseer voorwerpe. Sy loop ook met haar arms langs haar sye. Sy het nog baie liefde en massering nodig om haar looptegniek en spraak te verbeter.

Ek het geleer om NOOIT tou op te gooi nie!

p : 011 888 5434 **m** : 082 301 5860 **f** : 086 618 9038 **e** : institute@babygym.co.za
53 8th Street Linden, Johannesburg, 2195 . PO Box 44389 Linden, Johannesburg, 2104
www.babygym.co.za